HOUTWERK TEORIE SG P1 **NOVEMBER 2006**

Soos verlede jaar is dit weer duidelik dat ons leerders ’n agterstand het as gevolg van Tegnologie in grade 8 & 9. Die algemene gebruik van elektriese gereedskap het veroorsaak dat leerders al minder handgereedskap gebruik met ’n gevolglike afname in kennis t.o.v. handgereedskap. Dit is ook duidelik dat sommige skole nie oor al die nodige elektriese gereedskap beskik nie.

VRAAG 1
Hierdie vraag is gemiddeld tot swak beantwoord.
Dit is duidelik dat leerders by baie vrae nie die opsie van eliminasie gevolg het nie.

VRAAG 2
Hierdie vraag is redelik swak beantwoord.
2.3 Leerders ken nie die gradering van skuurpapier nie.
2.5.1 Dit is duidelik dat min leerders al ooit ’n beitel skerp gemaak het.
2.5.2 Die Reiskaaf is aan vele leerders onbekend.

VRAAG 3
Hierdie vraag is gemiddeld beantwoord.
3.1.2 Nr.2 Morse spitsing was aan geen van die 1610 leerders bekend nie.
3.1.4 Die verskil tussen die twee prosesse is deur menige leerders omgeruil.
3.1.6 Baie leerders het nie die name van draaibank-beitels geken nie.
3.2 Die vrae oor die bandsaag is redelik goed beantwoord.

VRAAG 4
Hierdie vraag is redelik beantwoord.
4.1.3 Baie leerders het die skets nie in Isometries geskets nie. Dit het veroorsaak dat hulle onnodig punte verbeur het.
4.2.3 Baie min leerders kon die voeg benoem wat daarop dui dat die name van die verskillende voeë nie bestudeer word nie.
4.2.4 Leerders ken nie die verskil tussen ’n styl en ’n reling nie.
4.3.1 ’n Stootlas met ’n veer was aan min leerders bekend.
4.3.2 Die vereistes van ’n voeg is redelik goed beantwoord.

VRAAG 5
Hierdie vraag is die beste van almal beantwoord.
5.1.3 Leerders het nie geweet dat planke wat mekaar haaks kruis, normaalweg nie gelym moet word nie.
5.1.4 Baie leerders het nie Isometries of vryhand geskets nie. Dit het hier ook veroorsaak dat waardevolle punte verbeur is. Baie leerders se sketswerk was van ’n swak gehalte.
5.2 Dit is duidelik dat sommige leerders nog nooit van roulynolie gehoor het nie.
5.2.2
5.2.3 Hierdie twee vrae het logiese denke vereis en dit is duidelik dat baie van ons leerders hier ver tekort skiet.